Gasheer/Gasvrou (b)

Graad 4

A DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie:

1. Te leer hoe om korrek op te tree as gas sowel as gasvrou/gasheer.
2. Die belangrikheid van goeie maniere en optrede te beklemtoon.

B VEREISTES:

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoe hy onder die volgende omstandighede moet optree (etiket en goeie maniere):
   - om vriende uit te nooi.
   - om op ‘n uitnodiging te reageer.
   - om gaste by die voordeur te ontvang.
   - om ‘n maat van die teenoorgestelde geslag te ontvang.
   - om ‘n vriend van dieselfde geslag te ontvang.
   - om eetgoed te bedien.
   - om eetgoed uit ‘n bord te neem.
   - om ‘n gasvrou te antwoord op ‘n vraag soos: Watter soort koeldrank verkies jy?
   - hoe om op tree as jy ‘n geskenk ontvang.
   - wat om te doen as jy ‘n geskenk moet oorhandig.
   - wat sê jy aan jou gasvrou/gasheer as jy vertrek.
   - wat sê jy aan jou gaste as hulle vertrek.
2. Weet wat alles op ‘n uitnodigingskaartjie moet wees. Elkeen maak dan ‘n kaartjie vir ‘n spanmaat.
3. Op die korrekte manier antwoord op die uitnodiging.
4. Weet wat is die korrekte manier van optrede as hy nie meer ‘n uitnodiging, waarop hy ja geantwoord het, kan aanvaar nie.
5. Weet hoe om op te tree as hy ‘n uitnodiging ontvang wat hy nie graag wil aanneem nie.
6. As span saam vyf verskillende soorte verversings vir ‘n partytjie voorberei.
7. ‘n Tafel dek en die nodige versierings aanbring.
8. As gasheer optree terwyl die ander gaste is. (Die rol van gasheer of gasvrou kan wissel gedurende die partytjie of meer as een partytjie kan aangebied word).

C AANBIEDING

1. Bespreek al die teorie tydens ‘n spanbyeenkoms, dit kan selfs meer as een byeenkoms vra.
2. Vereiste 1 tot 5. Beklemtoon die korrekte manier van optrede in verskillende situasies. Gee geleentheid vir praktiese toepassing.
3. Vereiste 6. Beplan saam met die span die prakties deel voordat dit aangepak word, sodat hulle ook leer om vooraf te besin, ‘n inkopielys saam te stel, en ‘n werkplan daar te stel. Doen verkieslik alles op skrif.
4. Vereiste 7 en 8. Almal moet by die voorbereiding en toepassing van verworwe kennis betrokke wees. Dit sal goed wees as meer as een geleentheid deur die jaar ingepas kan word.